Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 25 Oktober 1950 | Prys 3d. | No. 49

# OUDKOMMUNIS WIL OOK HELDE HULDIG: INDIËR OF NATUREL

**Hoe gevaarlik die benaming „Heldedag" was — wat ten spyte van herhaalde beswaar deur die F.A.K. deur 'n deel van die Afrikaanse pers al die jare gehandhaaf is totdat dit hierdie keer vervang is deur „Krugerdag" ooreenkomstig die aanbeveling van die kommissie insake 'n vakansieregister — blyk uit die volgende aanhaling uit 'n rubriek deur mnr. Sam Kahn in die Guardian van 12 Oktober:**

„Die regering se geproklameerde Heldedag het 'n lieflike sonnige Dinsdag in Kaapstad uitgedraai, baie welkom na verlede week se storm. Die Nasionale pers het Heldedag gevier met verwysings na Afrikaner-historiese figure soos Paul Kruger, president Steyn, Piet Retief ens.

**„Ek nooi my lesers uit om aan my te skryf en hul Suid-Afrikaanse helde, blank, Kleurling, Indiër of naturel, te ‚noem' (dit het niks te doen met die Beredderaar nie) met 'n paar woorde oor elkeen. Jul helde kan nog lewe of dood wees . . . Stuur asseblief jul lys aan my . . . anders sal ek dit self moet opstel."**

## *Na die Laertrek!*

# OM NET TOT HALFPAD TE VEG BETEKEN OM STRYD TE VERLOOR

**Sekere gevare en noodsaaklikhede wat ernstige oorweging verdien word deur prof. H. M. van der Westhuysen, Gebiedsleier van Noord-Transvaal, genoem in 'n dringende oproep aan O.B.-lede om die Uniale laertrek op 7 en 8 November in Bloemfontein by te woon. „Ons is bewus van moeilikhede in sommige areas wat in die weg staan, maar vertrou dat elke afdeling tog regstreeks op die laertrek verteenwoordig sal wees. Indien dit ons erns is, is daar alleen een weg oop wat absoluut eerbaar is: my volk is altyd meer as ek; in tye van stryd weeg die verpligting swaarder op my omdat my hulp soveel nodiger is," skryf die Gebiedsgeneraal, en verklaar verder:**

**Laat ons onthou dat hy wat slegs geveg het tot halfpad tog nog die hele stryd verloor, tensy hy sy lewe neergelê het. Die wegspring na 'n mikpunt is belangrik, maar die bereiking van daardie doel is veel belangriker. Is die doel van die Ossewabrandwag van 1938 reeds verwesenlik? Niemand sal so huigelagtig wees om „ja" op hierdie vraag te antwoord nie. En as dit nie sy doel bereik het nie, is dit logies, is dit eerbaar en is dit moontlik en ook noodsaaklik om voort te stry vir sy groot ideaal:**

- **Die samesnoering van alle kragte wat byeen hoort in hierdie land sonder diskriminasie, minagting of verontagsaming van mekaar, gerig teen volkskadelike dinge;**
- **die vrymaking van die volk van Suid-Afrika, los van bande of selfs die skyn van bande waarmee enige buitelandse veroweraar hom eenmaal teen sy keuse en met brute geweld in vasgewikkel het;**
- **die bevordering van 'n menswaardige bestaan vir elke lid van ons volk en van die ander volkselemente wat kragtens historiese erfreg regmatige aanspraak op die bodem van Suid-Afrika het;**
- **die strewe om as volwaardige staat, uit eie selfstandige keuse saam te werk met alle ander volkere van die wêreld vir die behoud en verspreiding van Christelike beginsels, reg en orde, naasteliefde en internasionale welwillendheid.**



Prof. Van der Westhuysen.

**GEVARE**

Laat ons onsself nugter verder afvra:

- Loop ons tans nie die gevaar as volk om 'n kritieklose massa van volgelinge te word wat alle verantwoordelikheid vir staatsake laat vaar nie?
- Loop ons nie die gevaar nie as volk om die speelbal te bly van 'n allesoordonderende partydiktatuur onder die vaandel van sogenaamde demokrasie?
- Is dit moontlik om in 'n land soos Suid-Afrika met sy ingewikkelde mensesamestelling 'n ongewenste regerende kliekvorming te voorkom binne die Brits-parlementêre partystelsel, indien daar geen opposisie van betekenis is wat behoorlike kritiek op vergrype en mistastinge van die regering kan uitoefen nie?
- **Bestaan daar geen gevaar, dat ons tans in die gevoel van oorversekerdheid en met 'n mate van oorskatting van eie krag in 'n nasionale regering deur onwyse kompromisse, juis dit kan verloor wat die hoogste waardes was in ons stryd vir ons eie in die afgelope eeu-en-'n-half?**

**WAAR STAAN ONS?**

- **Wat gaan die posisie van blank Suid-Afrika word in-**

(vervolg op bladsy 6 kolom 3)

# PARTYSTELSEL HINDER BLYWENDE OPLOSSING VAN KLEURVRAAGSTUK

**Die ooreenkoms ten aansien van aanstaande Kleurlingwetgewing wat verlede week bereik is tussen dr. D. F. Malan, die leier van die Herenigde Nasionale Party, en mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, het die enigste verklaarde beginselverskil wat daar tussen die twee partye bestaan het uit die weg geruim. As gevolg van hierdie ooreenkoms is die gevaar van die verbreking van die samewerking tussen die twee partye heeltemal uitgeskakel; trouens die samesmelting van die twee partye skyn nou onvermydelik te wees.**

**Bowendien het die twee leiers se eenstemmigheid oor Kleurlingwetgewing verskeie newe-produkte afgewerp wat ongetwyfeld die moontlikheid van samesmelting vergroot.**

Die Vaderland, mondstuk van mnr. Havenga, berig „dat die Herenigde Nasionale Party skynbaar alle planne wat dit moontlik kon gehad het in verband met verwydering van hierdie drie Volksraadslede, (nl. die drie Naturelle-verteenwoordigers) nou finaal laat vaar het." Dit beteken dat 'n ander moontlike beginselverskil by voorbaat verwyder is.

Dr. D. F. Malan het reeds aangekondig dat hy mnr. J. H. Viljoen, onder-voorsitter van die Afrikanerparty, vertrouensman van mnr. Havenga en volksraadslid vir Vryburg, in sy kabinet opgeneem het. Met hierdie aanstelling het dr. Malan 'n gebaar van vertroue gemaak teenoor die parlementêre verteenwoordigers van die Afrikanerparty wat ongetwyfeld deur hulle met ingenomendheid en waardering begroet sal word.

**ONGESKREWE OOREENKOMS**

Die Engelse pers berig dat dr. Malan die inisiatief geneem het om 'n ongeskrewe verstandhouding te bereik wat bepaal dat mnr. Havenga die Eerste Minister sal word in geval hy (dr. Malan) aftree. Voorts word berig dat die verstandhouding die steun geniet van mnr. J. G. Strydom sowel as van al die ander lede van die kabinet. Indien hierdie berig korrek is, beteken dit dat dr. Malan en mnr. Havenga reeds die beginsel van samesmelting aanvaar het.

**V.P.-HOOP VERYDEL**

Die naderkoms van die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty is onteenseglik 'n baie groot teleurstelling vir die Verenigde Party en sy pers. Blykbaar het V.P.-kringe gehoop dat mnr. Havenga „gebruik" kon word om 'n nuwe skeuring in die parlementêre front van die nasionaalgesindes te veroorsaak. Noudat hierdie hoop verydel is en die gevaar

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

van die verbreking van die samewerking tussen die twee partye uitgeskakel is, is mnr. Havenga nie meer die „blou-oog seuntjie" van die V.P.-pers nie. Inteendeel, die V.P.-pers brandmerk hom nou as 'n bekeerde Malaniet.

**VERWELKOM**

**Die Ossewabrandwag verwelkom die nuwe ooreenkoms waardeur die twee nasionale politieke partye nader aan mekaar skuiwe en waardeur parlementêre eenheid hopelik bereik mag word.** Hoewel die O.B. hom nie op die parlementêre terrein begeef nie verlang die O.B. tog om by verkiesingsgeleenthede sy steun te gee aan 'n parlementêre eenheidsfront wat alle Afrikaners verwelkom en wat beslis nie vyandiggesind is teen mede-Afrikaners nie. Trouens, dit is die tradisionele beleid van die O.B. ten aansien van die politieke partye se verkiesingstryd.

In die verlede het die Herenigde Nasionale Party 'n kwaadwillige vyandskap, wat uitgedruk is in sosiale en politieke diskriminasie, teen lede van die Ossewabrandwag gestook. Selfs toe O.B.-lede aangesluit het by die Afrikanerparty, wat die bondgenoot van die H.N.P. is, het laasgenoemde party sy vyandskap teen lede van die Ossewabrandwag gehandhaaf. Hierdie sosiale en politieke diskriminasie teen sy lede het die O.B. nog altyd verfoei.

En daarom verwelkom die O.B. die naderkoms van die twee politieke partye in die verwagting dat die weldadige invloed van die A.P. die H.N.P. mag oorreed om sy vyandskap teen mede-Afrikaners te laat vaar waardeur die skepping van 'n parlementêre eenheidsfront bewerkstellig mag word.

**BEDENKINGE**

Daar is egter ook 'n ander kant aan die ooreenkoms wat die twee partyleiers bereik het wat nie sonder bedenkinge betrag kan word nie. **Die kleurwetgewing wat die regering voornemens is om aanstaande jaar op die wetboek te plaas, sal 'n blote partymaatreël wees en dit sal hand en tand deur die opposisiepartye beveg word.**

Mnr. N. C. Havenga het die bedenkinge hierteen in sy bekende Brakpanse toespraak uitgespreek. Hy het gesê:

**PARTYMAATREËLS GEVAARLIK**

„By die verdere oorweging en uitvoering van die beleid van die nasionaalgesindes in hierdie verband (nl. in verband met fundamentele kleurwetgewing) wil ek graag as my oortuigde en persoonlike mening dit in u midde lê dat ons gedurig moet trag om alles wat moontlik is, te doen om vir ons optrede goedkeuring en steun te erlang wat verder strek as die grense van ons politieke partye.

(vervolg op bladsy 6 kolom 1)

## *Drie Nuwe Ministers*

Drie nuwe ministers is verlede week deur die Eerste Minister aangewys — dr. H. F. Verwoerd (wat die departement van naturellesake erf van dr. E. G. Jansen), mnr. J. H. Viljoen (mynwese, onderwys, wetenskap en kuns) en mnr. Tom Naudé (pos- en telegraafwese). Die aanstelling van mnr. Naudé, wat die speakersamp sedert 1948 beklee het, was 'n verrassing, terwyl mnr. Viljoen se aanstelling 'n bevestiging is van die ooreenkoms tussen die Afrikanerparty en die H.N.P.

Die kabinet is nou as volg saamgestel:

(1) Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake, dr. D. F. Malan.
(2) Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga.
(3) Minister van Lande en Besproeiing, mnr. J. G. Strydom.
(4) Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart.
(5) Minister van Vervoer, mnr. P. O. Sauer.
(6) Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux.
(7) Minister van Ekonomiese Sake, mnr. E. H. Louw.
(8) Minister van Gesondheid en Volkswelsyn, dr. A. J. Stals.
(9) Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges.
(10) Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus.
(11) Minister van Arbeid, van Openbare Werke en van Bosbou, mnr. B. J. Schoeman.
(12) Minister van Naturellesake, dr. H. F. Verwoerd.
(13) Minister van Mynwese en van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J. H. Viljoen.
(14) Minister van Pos- en Telegraafwese, mnr. J. F. T. Naudé.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 OKTOBER 1950

# STEWIGER RYKSBANDE

'n Kort beriggie van Sapa-Reuter het verlede week gemeld dat die speakers van die Britse Statebond, wat in Londen is om die opening van die nuwe Britse laerhuisgebou by te woon, vandag byeen sou kom om die vraag te bespreek of hulle groter eenvormigheid in die prosedure van die verskillende parlemente te weeg kan bring. Die Britse speaker, kol. Douglas Brown, sou as voorsitter optree, terwyl mnr. Tom Naudé die Unie van Suid-Afrika sou verteenwoordig.

**Die beriggie is kort maar van besonder groot belang omdat dit hier gaan om een van die hoofpilare waarop die Britse Empire rus.**

Toe die eerste ministers van die Statebond verlede jaar in Londen oor die beginsel van 'n Empire-republiek ten opsigte van Indië besluit het, het die Cape Times in sy goedkeurende kommentaar as volg geskryf:

„ . . . daar was geen werklike verandering nie en die deug van die Britse genialiteit om dogmas te vermy by die aanpassing van konstitusionele liggame tot veranderde omstandighede is opnuut gedemonstreer.

**„Die noodsaaklike vereistes vir lidmaatskap van die Statebond is eendersheid van belange en 'n gemeenskaplike aanvaarding van vrye parlementêre instellings. Solank as wat dit bly, kan die wesenlike eenheid van die Statebond nie verswak word nie, net soos dit nie versterk kan word deur formules en formaliteite nie."**

## EERSTE PILAAR

Die „eendersheid van belange" bestaan veral op ekonomiese en militêre gebied. Dit was die doel van die Britse imperialiste om die kolonies ekonomies so saam te vleg met die moederland dat hulle soos 'n suigeling aan die moeder sou vaskleef lank na hul geboorte — wat met groot gebaar geskied het by wyse van die oorhandiging van „vrye konstitusies". En so geslaagd was Brittanje se politiek in hierdie opsig, veral deur middel van sy Ryksvoorkeurstelsel, dat die Britse minister van statebondsbetrekkinge, Gordon-Walker, vroeër vanjaar kon verklaar:

**„Ons onlangse groot verbetering in die dollarhandelsbalans is 'n prestasie van die Statebond as geheel."**

Hierdie stelling is 'n paar maande later deur die Britse minister van handel onderskryf toe hy syfers genoem het om aan te toon hoe die ekonomiese vervlegting nie net gehandhaaf is ten spyte van „vrye konstitusies" nie, **maar selfs uitgebrei het:**

**„Handel met die Statebond het die hoeksteen gevorm vir Brittanje se ekonomiese herstel. Brittanje se uitvoerhandel met Statebondslande het van 43 persent voor die oorlog tot 51 persent verlede jaar vermeerder, terwyl 45 persent van Brittanje se invoer verlede jaar uit die Statebond afkomstig was vergeleke met 36 persent voor die oorlog," aldus Harold Wilson.**

Maar die „eendersheid van belange" word ook nagestreef op internasionale en veral op militêre gebied. **En hoe geslaagd ook hierdie beleid was, blyk uit die feit dat Suid-Afrika nie net teen die sin van sy volk in twee wêreldoorloë van Brittanje ingesleep is nie, maar dat — danksy die ongunstige verloop van die Tweede Wêreldoorlog — die Suid-Afrikaanse minister van verdediging in 'n nasionale kabinet 'n paar weke gelede samesprekings oor koördinering van die Empire-verdediging in Londen gehou het.**

**Die een groot pilaar van Rykseenheid, naamlik van „eendersheid van belange" is dus ten spyte van die veelgeroemde „konstitusionele ontwikkeling" in die eerste halfeeu van hierdie eeu verstewig.**

## TWEEDE PILAAR

Daar bly nog oor die tweede hoofpilaar, naamlik van „gemeenskaplike aanvaarding van parlementêre instellings" — en in die erkenning hiervan is die Cape Times nie 'n eensame stem nie. Die Britse minister van statebondsbetrekkinge het ook ten opsigte hiervan 'n woordjie kwyt geraak toe hy 'n vergadering in Manchester toegespreek het:

**„Die nuwe Statebond word aaneen gehou deur die aanvaarding van gemeenskaplike demokratiese ideale, deur 'n liefde en begrip vir parlementêre demokrasie, deur vriendskap en intimiteit."**

**In praktyk beteken die handhawing van die parlementêre stelsel in die Unie dat 'n Britse vyfde kolonne, georganiseer in 'n wettige party, nie net gereeld die geesdrif vir die Empire aanstook nie, maar inderdaad by tye alleenheerskappy in ons land voer, want wanneer die Empire-party aan bewind kom, gaan die Afrikaner in die „woestyn" en beland hy selfs agter doringdraad.** Maar dit is nie die vernaamste bydrae wat die parlementêre stelsel tot Rykseenheid lewer nie. **Veel belangriker nog is die sielkundige uitwerking van die besef, wat reeds op die skoolbanke ingeplant word, van eenvormige regeringstelsel.** Die Britte ken die waarde van sielkundige verowering — daarom ook dat die een Rykskonferensie na die ander gehou word steeds met 'n Brit as voorsitter. Op papier staan dit wel dat die dominiums „gelyke vennote" is, maar word daar 'n konferensie van eerste ministers, of van ministers van verdediging, of van finansies, of van speakers gehou, **dan is dit altyd 'n**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**Brit wat voorsitter is om stilswygend en subtiel te beklemtoon dat Brittanje nog die baas is.**

Daarom moet daar dan nou ook planne beraam word om hierdie sielkundige eenheid wat berus op eenvormige parlementêre bestuur te verstewig deur nog groter eenvormigheid.

**So groei die Empire tot 'n steeds hegter eenheid ten spyte van — of juis as gevolg van — „konstitusionele ontwikkeling". Daarom verkies die O.B. die pad van hervorming bo dié van „konstitusionele ontwikkeling".**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### Groot Rigtinglyne

Ek het nou-die-dag deur 'n paar ou eksemplare van Wapenskou geblaai. Hierdie kwartaalblad is gedurende die oorlogsjare deur die Afrikaans-Nasionale Studentebond uitgegee. En daarin het die uitgelese alumni van ons Afrikaanse Universiteite van tyd tot tyd hul weldeurdagte en koersbepalende menings uitgespreek oor velerlei sake van fundamentele belang vir ons volk.

Wapenskou het destyds 'n baie nuttige diens verrig. Die blad het verskyn in 'n tydperk toe die Afrikanervolk magteloos was in sy eie land — omdat 'n vyandiggesinde politieke party die land regeer het. In daardie jare van verydeling het besorgde leiers van die Afrikanervolk hulle besig gehou met die vaslegging van die groot rigtinglyne waarlangs die volk in die toekoms moes beweeg na sy bestemming. Wapenskou se blywende verdienste was die notulering van hierdie groot rigtinglyne vir die nageslag

### Gespan vir die Toekoms

Wat het geword van hierdie groot rigtinglyne wat 'n klein klompie jare gelede deur ons voormanne na diepe oorpeinsing vasgelê is en deur ons volk met hoë verwagtinge aanvaar is? Ek vrees dit is reeds al vergeet deur 'n groot deel van die Afrikanervolk — indien dit nie heeltemal verloën is nie. Ek wil egter daaraan herinner dat hierdie rigtinglyne juis gespan is om die volk te laat koershou op die pad van Suid-Afrika en ek wil waarsku dat as daar nie langs hierdie rigtinglyne geloop word nie dan word daar nie op die pad van Suid-Afrika geloop nie.

Daarom is dit noodsaaklik dat die rigtinglyne nie vergeet — en hoegenaamd nie verloën — mag word nie; maar dat dit inteendeel voortdurend bekend gemaak moet word.

Ek wil vandag aanhaal uit die genotuleerde woorde van prof. dr. C. J. H. de Wet, indertyd van Potchefstroom.

### 'n Skoon Republiek

In 1942 het hy gewaarsku teen die gevaar „dat baie Afrikaners weer kan terugval na die Partypolitiek. Dit sal 'n ramp wees want die partypolitiek was en is die groot sondebok wat ons volk verrineweer en geruïneer het en ons volk daardeur magteloos oorgelewer het in die hande van ons vyande. Ons volk lê vandag verwoes aan die voete van sy vyand! Hierdie gevaarlike partypolitiek spekuleer met ons volksentiment en sal vir ons niks anders bring as 'n vervalsde republiek.

„Dit is teen hierdie vervalsde republiek wat ons met alle mag moet waarsku, en ons ideaal moet wees: 'n skoon republiek. Die vorm van ons ideaal moet wees die Volksbeweging. Dis verblydend dat hierdie saak stadigaan ingang vind by ons volk. Dis nog nie te lank gelede dat die Volksbeweging nog bestry is met die bewering dat dit 'n onverstaanbare iets is of dat dit ook maar 'n soort party is. Nee, die Volksbeweging is 'n tipies Afrikaanse vorm van politieke optrede. Die beweging self moet sy aanvoerder kies en die grondslag moet suiwer en beslis Christelik-republikeins wees. Geen koukus of leierskap of partybelange of jakkalsstreke nie!

„Die vorm sonder meer sal ons egter niks baat nie: dis maar net die middel. Dis absoluut nodig dat die vorm 'n inhoud moet kry en ook die regte inhoud. Want 'n vorm sonder 'n inhoud is soos 'n liggaam sonder 'n siel: 'n lyk; en 'n vorm met 'n verkeerde inhoud is uiters gevaarlik. Dis soos 'n liggaam met 'n verkeerde siel. Dit stort die liggaam die afgrond in. Die regte inhoud vir ons ideaal is: die Christelike Boererepubliek! Dit alleen kan ons 'n skoon republiek gee."

### 'n Suid-Afrikaanse Volk?

Voortgaande wil ek prof. De Wet aan die woord stel oor die begrip: volk.

Hy verklaar dat „daar van vroeg af twee opvattings in Suid-Afrika (was) oor wat 'n volk is en oor watter volk in S.A. bestaan. Die een rigting was die van die **Afrikanervolk** en die ander rigting was dié van **'n Suid-Afrikaanse volk.**

„Die gevaarlikste verkeerde opvatting is presies die ‚Suid-Afrikaanse volk'. Hier is die gedagte tog dat 'n volk 'n mengelmoes-wese is. Dit is 'n groep wesens wat saamgeflans is onder dieselfde gesag en vlag en val binne dieselfde ekonomiese stelsel en sosiale organisasiestelsel. Hier is inderdaad geen saamhorigheid nie maar 'n saamgedrongenheid. Dit is 'n bloot meganiese mensemassa wat nie die naam volk werd is nie. Dit is die eg imperialistiese volksbegrip: 'n vergryping aan die skeppingsordinansies van die Skepper van volke.

„Orals en altyd waar die imperialisme en sy handlanger die kapitalisme verskyn daar vind hierdie skending van God se skeppingsgedagte oor volke plaas. Ons Afrikaners weet genoeg daarvan in S.A. Hierdie rigting het ontstaan uit die valse demokrasie as 'n soort bloei-doekie oor die verwonding.

### Die Afrikanervolk

„Wie en wat is die Afrikanervolk? Die geskiedenis sê ons dit duidelik. Die 18de eeu was die eerste stadium van ons volk se geboorte. Toe het daar uit Nederlandse, Franse en Duitse families daardie groep mense ontstaan wat saamhorigheid vertoon het en gaandeweg hulleself die Afrikanervolk of Boerenasie genoem het. Hulle het hulself nie gemaak nie, maar God het in sy voorsienigheid hulle ontstaan as volk beskik, en dit ten spyte van geweldige teenwerkinge!

„En hierdie Boerevolk het met sy republieke sy **bene** gekry om self te **loop** en daarna het ons volk sy **taal** gekry: hy het **gepraat.**

„Maar nou word beweer: Ja, maar daarna het baie vreemde bloed gekom! Ja, maar dit raak nie meer die geboorte van ons volk nie. Dit kan wel sy opgroei beïnvloed maar nooit sy ontstaan nie. En daar is selfs Afrikaners wat beweer dat ons volk nog steeds gebore word en dus uit ander bloed ook ontstaan. Verbeel jou, 'n wese wat al loop en praat word nog gebore!

„Die uitdrukking ‚nasiewording' klink mooi maar dis gevaarlik. Daar kan 'n slang in die gras skuil!

„En wat dan van die invloed deur vreemde bloede op ons volk se opgroei?

„Sommige beweer dat die vreemde elemente nou eenmaal hier is en hulle is ook al lank hier en hulle het al baie gedoen vir S.A. Dus ons moet hulle maar opneem in ons volk.

„Ons weet hier is elemente uit alle geslagte, tale en volke onder die son. Maar ons het hulle nie hier gebring nie en hulle het ook nie baie vir ons gedoen nie (inteendeel, baie teen ons gedoen). En dus is ons nie verplig om hulle op te neem nie. Maar die van hulle wat deur handel en wandel getoon het en nog toon dat hulle wil opgaan in die Boerevolk en dat S.A. hulle tuiste is — hulle sal ons opneem."

# Versekering Teen Roes

Die Sentrale Raad vir Koöperatiewe Versekering het verlede week besluit om boere se koringoeste teen roes te verseker. Die raad is op 20 September in die lewe geroep om versekerings teen boerderyvraagstukke te waarborg. Die eerste stap wat gedoen is, was om oeste teen hael te verseker.

# Wil Hertzog Huldig

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Kuns en Wetenskap het 'n fonds gestig ter nagedagtenis aan die dienste wat genl. Hertzog aan die Akademie en die Afrikaanse taal gelewer het. Die doel is om 'n borsbeeld van die Generaal te maak en met die oorblywende geld geskiedkundige dokumente van sy lewe en werk in verband met die Afrikaanse taal en kultuur te publiseer.

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

*VOORRAAD BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

*Die Parlement: Van waar en Waarheen?*

# STAATSHERVORMING OF KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING?

**In die vorige reeks artikels het ons aangedui wat 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel presies behels, en watter hervormings alles aan die bestaande staatstelsel aangebring moet word om dit Suid-Afrikaans te maak. Staatshervorming bestaan uit die opstel an 'n nuwe grondwet op 'n grondslag waarop voorheen ooreengekom is en die geleidelike of plotselinge oorskakeling van die bestaande na die nuwe. Behalwe in tye van groot ontwrigting is dit altyd beter om die oorgang geleidelik te laat geskied, juis om ontwrigting te voorkom. Stuk vir stuk moet die mure van die ou staatsgebou gesloop en nuwes in die plek daarvan gestel word.**

**Teenoor die idee van staatshervorming staan die idee van konstitusionele ontwikkeling. Die bestaande grondwet word as basis aanvaar, en dan verder ontwikkel om aan te pas by heersende omstandighede en behoeftes. Daar word dus op die bestaande grondslag voortgebou en uitgebrei.**

Wanneer ons nou kom by die idee van 'n republiek in Suid-Afrika, kan die vraag gestel word of hierdie republiek verkry moet word deur **staatshervorming of deur konstitusionele ontwikkeling.** Oppervlakkig beskou lyk dit of dit alles nou nie eintlik veel saak maak nie, solank ons maar net 'n republiek kry. Maar laat ons die saak nader ondersoek.

### EERSTE STAP

Indien ons 'n republiek deur staatshervorming wil verkry, sal ons eerste stap wees om 'n grondwet vir die beoogde republiek op te stel. **Ons besluit dadelik dat dit 'n eie Suid-Afrikaanse karakter moet hê en dus 'n president, 'n uitvoerende raad (onafhanklik van die Volksraad), 'n volksraad en 'n tweede wetgewende liggaam met beroeps- en belange-verteenwoordiging (gemeenskapsraad). Die eerste stap is dan seker om die goewerneur-generaal deur 'n president te vervang wat deur die volk gekies word.**

### EEN OF DIE ANDER

Die tweede stap is dat alle bestaande kabinetslede òf hulle kabinetspos òf volksraadsetel moet bedank om te verseker dat die kabinet of uitvoerende raad onafhanklik is van die Volksraad.

Die derde stap is die afskaffing van die senaat en die daarstelling van 'n gemeenskapsraad. **As deel van die proses sal die poste van eerste minister en leier van die opposisie verval.**

**Deur A. J. van Rooy**

Daarna sal die nodige hervormings aangebring word in die plaaslike besture, en sal partyskap ontmoedig word om sodoende 'n sterk eenheidsstaat op te bou.

### SAMEWERKING

Dit spreek vanself dat sover moontlik die samewerking van alle vroeëre partyleiers verkry sal word en dat van hulle dienste gebruikgemaak en hulle aansprake op erkenning eerbiedig sal word. Daar sal gedurig gestreef word om die staatsinstellings so suiwer Suid-Afrikaans moontlik te maak en om die staat nie op 'n vreemde lees te skoei nie. Indien hierdie hervorming binne die Statebond plaasvind en die Statebondskonneksie dwarsdeur hierdie proses ongeskonde gehandhaaf bly — dan is dit ten minste 'n prestasie van die Statebond waarvoor ons nie verantwoordelik is nie, en kan mens vir hulle die nodige krediet daarvoor gee. **Dit is egter meer waarskynlik dat die Statebondskonneksie, wat grotendeels gebaseer is op die eenvormige staatstelsel van alle ledelande, die proses nie sal oorleef nie en dat Suid-Afrika sowel binnelands as buitelands Suid-Afrika sal wees en niks anders nie. Trouens, 'n hervorming van staatstelsel binne die Statebond is van veel meer waarde as 'n verbreking van die Britse konneksie met behoud van die Britse parlementêre stelsel. Maar in elk geval moet albei plaasvind.**

Dit dan wat betref staatshervorming.

**Konstitusionele ontwikkeling aan die ander kant is staatsewolusie, en wel sonder die oorskryding van soortgrense. D.w.s. deur konstitusionele ontwikkeling kan mens wel 'n beter staat kry, maar die soort staat bly altyd dieselfde.** Indien ons dus ons ideaal wil bereik deur die proses van ewolusie op die bestaande stelsel toe te pas, moet ons eers nagaan watter soort staat ons nou het en waar dit vandaan kom. Wanneer ons onsself goed daarvan rekenskap gegee het, sal ons nader kan bepaal waar die konstitusionele weg ons gaan bring en of dit ons ideaal is.

In die volgende paar artikels sal ons die parlement van Kaapstad nader betrag.

# Twee Staatmakers Oorlede

Twee sterfgevalle het die Ossewabrandwag swaar getref.

(1) Op 30 September, jongslede is aan bloeding op die brein, mnr. Andries Francois Hendrik du Toit (oud-generaal), in die jeugdige ouderdom van 44 jaar, plotseling oorlede aan sy woning te Brooklyn, Pretoria. Hy laat 'n weduwee en drie kinders na.

Andries du Toit, 'n vriend en kameraad, het altyd sy plek volgestaan: In boereverenigings, skoolkommissies, skietverenigings, kerkrade en die Ossewabrandwag. Ja, oral, het hy altyd die hand aan die ploeg geslaan, sonder om om te kyk. Hy het inderdaad die leuse van die Ossewabrandwag, „My God, My Volk, My Land Suid-Afrika", tenvolle uitgeleef.

(2) Na 'n smartlike lyding van drie dae is mnr. Jacobus Johannes du Toit (generaal), in die jeugdige ouderdom van 44 jaar, op 12 Oktober in die Rustenburgse Hospitaal na 'n ongeluk oorlede. Hy laat 'n weduwee en 4 kinders na.

Hy was besig om 'n masjien aanbrand te draai toe die slinger losgly en hom tussen die oë slaan. So erg was die skok dat ontsteking in die rugmurg ingetree het, wat ook sy dood veroorsaak het.

Generaal Koos du Toit, net soos sy neef Andries het altyd en ten alle tye sy plek vol gestaan, trouens Koos en Andries du Toit het altyd voortou geneem. In boereverenigings, skietverenigings, skoolkommissies, die Ossewabrandwag, ens.

Namens die Ossewabrandwag in die algemeen, maar in besonder namens die generaalskap, waarin hulle tot die dood toe aktief en getrou gestaan het, bring ons respekvolle hulde aan die nagedagtenis van twee vriende en kamerade.

Aan hul eggenotes en kinders, ons innige en opregte meegevoel. Mag u in hierdie donker dae wat voorlê, steeds die nabyheid van die Here in 'n ruimer mate ondervind.

(Genl.) P. W. Buys, Stafhoof, Pretoria.

## Medici Keur Genadedood Af

Die Mediese Vereniging van die Wêreld het na 'n lewendige debat besluit om genadedood af te keur.

Dr. S. G. Sen, van Indië en dr. E. A. Gregg, van Brittanje, het gesê dat baie geneeshere een of ander tyd verdowingsmiddels gebruik het om die pyn van ongeneesbare pasiënte te verdof en hulle dood te verhaas.

Dr. Marcel Poumailloux, van Frankryk, het verklaar: „Ek het my eie moeder deur verskriklike kanker verloor. Week na week het haar lyding aangehou, maar geen een van my kollegas het eens daaraan gedink om haar lewe en lyding te beëindig deur haar lewe te verkort nie." Hy het bygevoeg dat genadedood die deur is tot alle moontlike misdade en misdadige praktyke.

Die mosie wat aangeneem is beskryf genadedood as „in teenstelling tot die openbare belang en mediese beginsels asook natuurlike en burgerregte."

Dit beveel aan dat die plaaslike mediese verenigings in elke opsig te velde moet trek teen genadedood.

**Van begin aanstaande jaar** sal motoriste weer die soort petrol uit 'n pomp tap wat op die pomp geadverteer word. Vroeg in die oorlog het die petrolmaatskappye hul voorrade en stoorgeriewe met mekaar gedeel sodat daar geen onderskeid ten opsigte van handelsmerke gehandhaaf is nie, en eers nou is besluit dat elke bobbejaan onder sy eie krans moet wees.

# Wat Sowjet Se Vredesveldtog Alles Inhou

**Die demokratiese regerings laat toe dat die Sowjet in hul lande sogenaamde vredesversoekskrifte rondneem vir ondertekening. Ook in Brittanje het honderdduisende Britte, en veral skoolkinders, hierdie propaganda-dokumente onderteken, terwyl die Russiese propagandis Ehrenberg selfs toegelaat is om byeenkomste in Londen toe te spreek.**

Die Russiese koerant Pravda verduidelik in sy uitgawe van 25 Julie wat van ondertekenaars van die versoekskrifte verwag word:

★ Hulle moet treine wat ammunisie vervoer, tot stilstand bring.

★ Hulle moet weier om skepe wat ammunisie vervoer te laai.

★ Hulle moet die voorsiening van brandstof aan vliegtuie belet.

★ Hulle moet wapens uit die hande ruk van die kapitalistiese lande se „huurtroepe" indien sulke troepe gebruik word om teen Sowjet-Rusland te veg.

★ Hulle moet hul mans en seuns verbied om deel te neem aan 'n oorlog teen die Sowjet en sodoende „frikkadel vir die Chicago-magnate" te word.

★ Hulle moet vervoer en telefoon- en voorraadverbindings ontwrig in die geval van oorlog teen die Sowjet.


**VERLORE POLIS**

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVERZEKERING GENOOTSCHAP.

Mutual-gebou, Darlingstraat, Kaapstad.

Polis No. 396899 vir £300 gedateer 14/9/1939 op die lewens van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN en MARIA MAGARETHA H. HUISAMEN.

Polis No. 351071 vir £200 gedateer 8/7/1937 en Polis No. 672933 vir £200 gedateer 17/3/1949 op die lewe van en die eiendom van JACOB WYBRAND HUISAMEN.


Kennisgewing geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse aan die Genootskap gelewer is, en enige persoon wat die polisse besit of op enige belang daarin aanspraak maak, moet asseblief dadelik per geregistreerde pos die Genootskap daarvan meedeel. Indien geen sodanige mededeling ontvang word nie, sal gesertifiseerde afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrakte sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

T. A. MURRAY,
Hoofbestuurder.



*TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .*

***Pappie het nie weer gekom nie***



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n óu gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom—„'n ongeluk . . . . hospitaal-toe . . . te laat!"

Nou was dit nét hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

. . .

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . . .

**● Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoedat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.*

NAAM: ........................................

ADRES: ........................................

........................................

*Beroep:* ................ *Ouderdom volgende Verjaarsdag:* ...... S3

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**ROSSOUW.**—Aan Andries en Ada (gebore Hugo) 'n fris seun op die 19de Oktober. Naas die Heer dank aan verpleegsters van die Booth-gedenkhospitaal. Duiwekop, Kaapstad. 25/10/1B

## TE KOOP

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Kafferwinkel op 7, 8 morg grond in Maclear-distrik aan Kafferland. Vyftien myl vanaf Maclear. Twintig morg vrugbare land, goeie weiveld. Woonhuis van drie vertrekke, ses rondawels en klein vrugteboord. Prys £2,000. Verband £750 kan oorgeneem word. Navrae: **Nel en Seun, The Falls, P/s Maclear.** 11/10/4B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

## WIE KAN HELP

Afrikaner, dertig jaar, agt jaar ondervinding van gemengde boerdery soek betrekking as voorman of plaashulp. Kaffertaal (Xosa) magtig. Navrae: **Adverteerder, The Falls, P/s Maclear.** 11/10/3B

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

## TE KOOP

**Patatranke.**—Eersteklas sesmaande teen 7/- per 80 pond sak. Goeie behandeling gewaarborg.—**G. S. Terblanche, Pos Gannakraal, Dist. Mosselbaai.** 6/9/8

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

MÜLLER SE MUSIEK-SENTRUMS

Kaapstad . Parow . Bellville
Paarl . Worcester
Stellenbosch

R. MÜLLER BPK.

# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................

..............................

..............................

..............................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Na Die Laertrek!

## LEWENDE TOEKOMS

**Mnr. A. Viljoen (generaal), Richmond, skryf:**

Die A.P.-, die H.N.P.- en die V.P.-kongresse is verby. Nou gaan ons, wat aan die O.B. behoort, na die derde Uniale laertrek in Bloemfontein — nie om ons party-vriende se sienswyse of hul kongresse te herkou nie: ons het vrede met hulle. Ons glo nie aan die partystelsel nie, maar origens laat ons hulle in vrede.

Daar is wel weer op die Kimberleyse Kongres gesê dat die O.B. daarop uit was om „die Party dood te maak" — vergeet dit!

In 1940 op die H.N.P.-kongres op Cradock is daar aan ons gesê dat „die mense wat verantwoordelik is vir die oorlog die oorlogskuld moet dra" en nou in Durban hoor ons dat ons die „dooie verlede" moet vergeet.

**Wat die partystelsel betref hoop ek dat dit by ons 'n dooie verlede is.**

### 'N GOGGATJIE

Die partypolitiek laat my altyd dink aan 'n goggatjie wat teen 'n muur wil uitklim. By die eerste poging vorder hy miskien 'n kwart van die muur; dan val hy terug op die vloer. Die tweede maal kom hy miskien halfpad voordat hy maar weer terugval. Die derde maal klim hy moontlik driekwart van die muur voordat hy maar weer terugval op die vloer.

Maar verstaan goed: elke probeerslag maak die diertjie vyf jaar ouer, want hy kan maar elke vyf jaar weer 'n keer probeer om teen die muur uit te klim. **Derhalwe bly sy einddoel 'n dooie toekoms.**

**Kom vriende, ons gaan op 7 en 8 November in Bloemfontein gesels oor die lewende toekoms.**

## BYWONING IS NOODSAAKLIK

**Mnr. J. J. van Staden (Generaal), Edenburg, skryf:**

Die geestelike lewe van elke mens verlang na leiding, krag en inspirasie daarom besoek ons gereeld die kerk. So ook verlang ons volksiel na voorligting en inspirasie, daarom mag ons die roepstem na die O.B.-laertrek op 7 en 8 November te Bloemfontein nie minag nie, want dan sal ons volksiel in ons kwyn en sterf en ons sal moet rekenskap gee.

Ek roep dus elke Brandwag in die Suidelike Vrystaat om op te trek na die O.B.-laertrek.

U het 'n roeping, u het besieling nodig.

## SPREEK MET 'N DAAD

**Mev. A. Viljoen (hoofkomdte.), Richmond, skryf:**

Geagte mede-offisiere en Brandwagte, ek wil graag 'n beroep op u almal doen om soveel moontlik teenwoordig te wees op ons laertrek in Bloemfontein. Ons is so geneig te sê ons is nog O.B.'s, maar as dit tot dade kom, is daar altyd 'n verskoning om ons pligte na te laat. Onthou dat dade baie harder praat as woorde!

Ons het almal baie tyd en geleentheid gehad om reëlings te tref vir die paar dae se afwesigheid na die belangrike derde laertrek, waar ons weer gedagtes kan wissel met ons mede-Brandwagte. Ons weet uit vorige ondervinding wat dit beteken om so 'n laertrek by te woon, hoe ons voel om weer ouvriende te ontmoet, hoe ons nuwe moed ingeboesem word en hoe ons geleentheid kry om ons moeilikhede te bespreek en raad te vra. Ons ken die waarde van die besef wat ons daar opdoen dat ons nie alleen staan nie, maar dat ons lid is van 'n organisasie wat van soveel betekenis vir ons volk is. Laat ons dan ons O.B.-skap uitleef in dade en nie net in woorde nie, en sodoende 'n sukses maak van die laertrek.

## Verkiesings In 5 Afdelings

Drie tussenverkiesings vir die volksraad is aangekondig. Dit is die verkiesings in Pretoria-Oos, waar veldm. Smuts die volksraadslid was, in Wolmaranstad as gevolg van die benoeming van dr. E. G. Jansen tot goewerneur-generaal, en in Smithfield, as gevolg van die benoeming van mnr. J. J. Fouché tot administrateur van die Vrystaat.

Die verkiesings sal gelyktydig plaasvind op Woensdag, 13 Desember.

Nog twee tussenverkiesings word nou gevoer. Dit is dié in Turffontein en in Albert-Colesberg. Met al vyf tussenverkiesings agter die rug, sal die volksraad voltallig kan wees wanneer dit op 19 Januarie vergader.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### Ontevrede Oor Reëlings

**Kaptein Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl., skryf:**

Ek is 'n oudlid van die Verkennerskorps van Danie Theron vir wie daar 'n paar weke gelede 'n monument naby Potchefstroom opgerig is. Ek voel tog dat ek 'n paar besware in verband daarmee wil opper, aangesien ek tot die dood toe by Danie Theron gestaan het, maar die onthulling nie bygewoon het nie nadat ek die program gesien het, en wel om sekere redes: Alleen diegene wat die geskiedenis uit boeke geleer het, is op die verhoog toegelaat. Geen Theron-lid is daar 'n plek toegeken nie. Theron-lede sou wel 'n erewag vorm, maar onder bevel van 'n majoor met 'n Engelse medalje (D.S.O.), terwyl ons onder 'n dappere kaptein vir die Republiek geveg het. En ten slotte is daar aan die end van die verrigtings 'n kleine halfuur ingeruim vir oud-Theron-lede om hul herinnerings mee te deel — ek alleen sou 'n halfuur kon praat oor hom.

Ek het jammer gevoel vir die Voortrekkertjies wat soveel moeite en opofferings gedoen het om die groot held te eer. Dit bewys dat die jong geslag nog nie verwater het nie, en daarvoor kan ons ons hoed afhaal.



# LEENGOED ?

Sonder Assuransiebeskerming kan u u besitting feitlik in 'n oogwink kwyt wees, deur Brand, Ongeluk of Diefstal.

Maak SEKER van die *waarde* van u huis, u meubels, u kar, deur —

**'n SANTAM-Polis !**

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-6a

# PROEFNEMING WAT VOLKSIEL BESKADIG

**„Het die tyd nie aangebreek dat ons stadigaan moet terugkeer na ons waardevolle een- en tweemanskooltjies nie? Moet ons ons kinders nie terugbring na ons moeders nie?"**

**Hierdie vrae word in die jongste uitgawe van Onderwysblad in 'n artikel oor „Ons Klein Skooltjies", deur dr. N. T. Blignaut, gestel.**

Dr. Blignaut wys daarop dat die sentralisasie van skole gekom en byna al die klein skooltjies — dikwels juwele van die volk — laat verdwyn het. Hy verklaar dat die doel daarmee beter onderwys was deur die verkryging van beter geriewe en geleenthede in groot skole. **„Maar was dit beter opvoeding, beter vorming van die hele mens?"**

**„Het ons nie met sentralisasie die ouerhuis as fundamentele opvoedingsbodem, as fyne, subtiele, liefdevolle, noodsaaklike vorming in die laerskooljare, uitgesluit nie? Die moederliefde, moedertroeteling, moederversmaning, wat in die allerfynste menslik-sielkundige vorming van die kind so noodsaaklik is, het ons uitgesluit."**

### SKADE

Dr. Blignaut voer dan verder aan dat die beste sentrale skool, die bekwaamste onderwyser nie hierdie „fyne moederopvoeding van die kleintjie" kan vervang nie. Die kindertjies, omdat hulle so baie van hul moeders af weg is, „ly geweldig skade aan hul diepste, innerlike wese; ons kind en gevolglik ons nasie wat kom, ly skade aan sy siel." Die gebrek aan die noodsaaklike, fundamentele moedervorming ontbreek in die totale opvoeding van die kind en dit veroorsaak 'n onherstelbare leemte.

Die skrywer voer voorts aan dat die proefneming miskien goed en noodsaaklik vir die onderwys was, maar **„moet die klein skooltjies — die kultuursentrums van die platteland — nie in ere herstel word nie?"** Hy wys ten slotte op watter pragtige werk hierdie skooltjies in die landelike gemeenskappie lewer.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 25 OKTOBER 1950

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

ONS BELEIDSPUNT NO. 3 *(Deel III)*

# Beroepsverteenwoordiging

In die voorafgaande het ons dan gesien:

(a) dat 'n staat op lewensnoodsaaklike organisasies moet steun, soos 'n dak op sy pilare, en

(b) dat ons staat in ons huidige stelsel wel op organisasies steun, maar dan op die wat kunsmatig en misbaar is, naamlik op een of ander party wat direk die staatsmasjien beheer, en

(c) dat daar wel ander organisasies in die staat is **waarvan die hele volkslewe direk afhanklik is** sowel as die persoonlike nering en brood en botter van die afsonderlike volksgenote, **maar dat hierdie onmisbare lewensnoodsaaklike magsorganisasies, die beroepe, in ons teenswoordige parlementêre stelsel hoegenaamd geen direkte seggenskap in die staat het nie.**

In aansien van hierdie agterstevoor posisie sê die Ossewabrandwag: **„As die staat dan op magsorganisasies moet steun, laat hom dan in hemelsnaam op daardie organisasies steun, wat onmisbaar is vir sy voortbestaan en waarvan elke burger direk afhanklik is vir sy brood en botter en die van sy vrou en kinders!**

Met ander woorde: laat die georganiseerde boeredom, handel, nywerheid, vrye beroepe, mynwese, verkeerswese, ens., in die beraadslagings van hierdie staat **regstreeks** verteenwoordig wees — deur hul eie vakkundiges of deskundiges.

Laat die boer as boer stem — en vir 'n boer; die volksgenoot wat sy lewe uit die handel maak — ongeag of hy die winkelbode of die winkelier is — as handelaar stem vir 'n handelaar wat die belange van die handel moet verteenwoordig; die onderwyser of professor as opvoedkundige vir 'n opvoedkundige om die volk se onderwys te behartig, ens. met elke bedryf en beroep.

Kortom: **vakkundige verteenwoordiging, gekies deur vakmanne en deskundiges, elkeen op sy eie gebied.**

Verder mag die leser vra: „Ja, maar hoe moet die mense in 'n kiesafdeling stem, want hulle is nou eenmaal nie almal boere, of almal spoorwegmanne of wat ook al nie?" Die antwoord is natuurlik dat ons wat beroepsverteenwoordiging betref, nie in die „kiesafdeling" as sodanig geïnteresseerd is nie — d.w.s. daardie sesnegehonderd vierkant-myl-afdeling nie, maar wel in die mense wat daarin woon. **En hulle stem nie volgens kiesdistrikte nie, maar volgens beroepe.**

Want vandag is daar net een beroep wat regstreeks in die volksraad en in die regering verteenwoordig is — en dit is **. . . die beroepspolitikus!** Dit, terloops is die een beroep wat die Ossewabrandwag bereid is om in die nuwe staat onverteenwoordig te laat.

Die aanvaarding van die beginsel van beroepsverteenwoordiging dwarsdeur die volk skakel 'n tweede volksraad nog nie uit nie. Daar is nasionale belange, byvoorbeeld die staat se buitelandse sowel as sy algemene binnelandse beleid en wat dies meer sy, wat nie soseer met die een of ander beroep — of selfs met al die beroepe saam — te doen het nie. Daardie nasionale kwessies kan die volk of aan die gekose staatshoof oorlaat, of by wyse van volkstemmings laat reël, of aan 'n aparte volksraad toevertrou. (Noem dit 'n senaat, noem dit wat jy wil).

Daardie kritiese leser, wat ons elders na verwys, sal wel meen dat hierdie „breë" of „nasionale" volksraad of senaat die broeiplek laat vir 'n weeropstanding van die partystelsel, want hier geld die beroepe nie. Dit is moontlik, alhoewel die groei van partye verhinder en aan bande gelê kan word (in die Transvaal se Republiek was hulle by wyse van Volksraadsbesluit verbied). En selfs al sou hulle dwing om te ontstaan is hulle tande getrek deurdat alle praktiese kwessies, wat die beroepe raak buitekant hul bestek geplaas is.

Neem die voorbeeld van een van ons strydkwessies van vandag, naamlik moedertaalonderwys. Vanselfsprekend is die medium van onderwys 'n kwessie vir die onderwysberoep, dit wil sê vir die beroep aan wie die doeltreffende opleiding van die jeug toevertrou is en wat as vakmanne beter behoort te weet of mens 'n kind vinniger en deegliker in sy moedertaal kan oplei of in 'n vreemde medium. Vandag is dit die speelbal van mense wat nog taal nog kind as deskundiges kan benader.

**VOLKSEENHEID EN UITSKAKELING VAN BROEDERTWIS**

Ons kan die saak nog verder voer. Nie net kry die volk onder hierdie nuwe stelsel vakmanne om oor vaksake te beslis nie, **ook die grondoorsaak van die haat en onenigheid is dan by voorbaat uitgeskakel.**

Want as vakmanne oor hulle eie vak moet stem, dan is die natuurlike en menslike neiging om die beste man te kies **in belang van die kieser se eie nering.** As die man dan ook dieselfde politieke opinies as die kieser daarop nahou . . . nou ja, dan is die keuse soveel heugliker — maar dit bly bysaak.

'n Voorbeeld uit ons daaglikse lewe:

Die Suid-Afrikaanse boeregemeenskap is oorwegend Afrikaanssprekend, dit weet ons almal. Ook weet ons dat hulle in die Suid-Afrikaanse Landbou-unie georganiseerd is, en **jaar vir jaar het daardie oorwegend Afrikaanssprekende boere 'n Engelssprekende — wyle majoor Hunt — as voorsitter en voorspraak gekies.** Die meeste van hulle sou nimmer en nooit majoor Hunt as partypolitieke verteenwoordiger gekies het nie. Maar as boere het hulle in hom die volste vertroue gehad as 'n flukse en ervare boer en — bo alles — as 'n eerbare en welmenende man om hul boerebelange te verteenwoordig.

Want as dit neerkom op die brood van jou vrou en kinders dan soek jy nie meer slimpraatjies nie en haat en „Vrymesselaarstories" en al die ander skietgoed van die partypolitici nie . . . nee, dan soek jy 'n koele kop, 'n rype ervaring, verstand en — bo alles — eerbaarheid; maak nie saak of dit Sap of Nat is nie, of sy Engels swakker is as sy Afrikaans of andersom nie.

So kan die verteenwoordiging van die hele werkende volk (die ware volksmanne omdat hulle die werkers van die volk is) deurloop van vak tot vak, ambag tot ambag, beroep tot beroep.

# Ons Kiekie-Album



**Boerejeug tydens O.B.-dag optog.**

# VERJAARDAG-KETTING

25 Susanna du Toit, Kirkwood.
Maria Nel, Ottoshoop.
Petronella Erasmus.
Catharina de Villiers, Bultfontein.
26 Charl Cilliers, Wellington.
Johanna Botes, Loxton.
Johanna Smit, Loxton.
27 Jan Joubert, Paarl.
Jacoba Bronner, Vryburg.
Chatrina Mynhardt, Vryburg.
Stefanus Els, Vryburg.
28 Truida van Velden, Stellenbosch.
Marietjie Welthagen, Mooinooi.
29 Hester du Toit, Wellington.
30 Hennie Burger, Brandvlei.
Casper Schutte, Potchefstroom.
Willem Fourie, Luckhoff.
Susanna van Wyk, Bultfontein.
31 Rene Dempers, Paarl.

# Iets Oor Die Geld Van Die Z.-Afrikaansche Republiek

Die versameling van muntstukke is 'n baie interessante en leersame stokperdjie. Om egter 'n werklike goeie versameling byeen te bring is dit nodig om in net een land, of een tydperk in die geskiedenis, se geld te spesialiseer. Oral tref 'n mens vandag versamelaars van Krugermuntstukke aan maar dit is eers met die stigting van die Suid-Afrikaanse Muntstukvereniging (South African Numismatic Society) in Augustus 1941 dat die belangstelling in hierdie rigting werklik gaande gemaak is.

Dit is noodsaaklik dat voornemende versamelaars weet watter muntstukke almal vir die ou Republiek gemunt is en ek wil dus probeer om hieronder aan u 'n min of meer volledige lys van sodanige muntstukke te gee.

Die eerste muntstukke wat die Z.A.R. in omloop gebring het was die Burgers Ponde van 1874 wat President Burgers kort voor daardie tyd in Engeland laat munt het. Oorspronklik is daar 837 van hierdie Ponde gemunt, maar aangesien so baie van hulle beskadig is omdat mense gate daardeur gemaak het om hulle as versiering aan horlosiekettings of elders te dra, is 'n eksemplaar in 'n goeie toestand vandag uiters skaars. Die versamelaarswaarde van 'n Burgers Pond wat nooit in omloop was nis (en in 'n perfekte toestand verkeer) is vandag tussen £70 en £100.

Die volgende in die reeks is die bekende Kruger geld wat begin met die sogenaamde Dubbeldisselboom - muntstukke van 1892. (Die wa op die agterkant verskyn daarop met twee disselbome). Hierdie fout is later herstel en in dieselfde jaar verskyn daar ook muntstukke met die korrekte enkeldisselboom aan die wa op die agterkant. Die geld van 1892 is soos volg:

(a) Proefstelle in Berlyn gemunt — £1, 10/-, en 5/- (almal met die dubbeldisselboom aan die wa op die agterkant) 2/6, 2/-, 1/-, 6d. en die 3d. In 1892 is net één Proefpennie gemunt.

(b) £1, 10/-, 5/- (almal dubbeldisselboomgeld), £1 (Enkeldisselboom). Daar is nie 10/- stukke met die enkeldisselboomwa, in hierdie jaar gemunt nie, 5/- (enkeldisselboom) 2/6, 2/-, 1/-, 6d., 3d. en die 1d.

Die hele 1893 reeks (£1, 10/-, 2/6, 2/-, 1/-, 6d., 3d. en die Pennie) is skaars, veral die 10/-, 1/- en die Pennie. Die 10/- van hierdie jaar is die eerste 10/- waarop die wa met die een disselboom verskyn.

Die volgende tabel gee die geld aan wat gedurende die jare 1894—1897 gemunt is:

1894 — £1, 10/-, 2/6, 2/-, 1/-, 6d., 3d. en die 1d.

1895 — £1, 10/-, 2/6, 2/-, 1/-, 6d. en die 3d.

1896 — £1, 10/-, 2/6, 2/-, 1/-, 6d. en die 3d.

1897 — £1, 10/-, 2/6, 2/-, 1/-, 6d. en die 3d.

In 1898 is net Ponde en Pennies gemunt en geen silwergeld nie. In 1899 is net 130 Ponde gemunt en hulle is vandag baie skaars.

In werklikheid is die 1899 Ponde in 1898 gemunt en die datum is net oorgestempel. In 1900 is net Goue Ponde gemunt.

In 1901 is geen amptelike geld gemunt nie, maar ongeveer hierdie tyd is die Gladde of Kaal-Ponde, ongestempelde Goue Ponde (Blanks), op kommando gebruik. Twee tipes, naamlik die Gladde Pond (met 'n randjie buite om) en die een sonder die randjie, was in omloop. Vir sover ek kon vasstel bestaan daar slegs twee Gladde 10/- (met die randjie) waarvan rekenskap gegee kan word. Die een eksemplaar kom voor in die versameling van dr. Alec Kaplan van Germiston en die ander een is in mnr. Royle Baldwin van Engeland, se besit. Geeneen van hierdie twee versamelaars wil sy eksemplaar verkoop nie. Dit is dus voor die hand liggend dat ander versamelaars baie hoë pryse sal aanbied ten einde hierdie muntstukke vir hulle versamelings te probeer in die hande kry. Van die Gladde 2/6 (sonder die randjie), Gladde 6d. (met die randjie) en die Gladde 3d. (met die randjie), bestaan daar net een kopie elk en hoewel daar baie Gladde Pennies bestaan gaan dit moeilik om 'n goeie een in die hande te kry.

Die Veldponde, ook bekend as Pelgrimsponde en Kommandoponde, is in 1902 deur die Republikeinse Strydmagte te Pelgrimsrust gemunt. Hierdie geskiedkundige Ponde waarvan 986 gemunt is, is vandag baie skaars hoewel daar baie namaaksels bestaan.

Die goue Sammy Marks-trippens (1898) is op spesiale versoek van mnr. Marks deur die Munt in Pretoria geslaan. Slegs 215 van hierdie seldsame muntstukkies is geslaan en is deur mnr. Marks aan sy gaste op een van sy partye gegee. Van die 1894 Goue 3d. bestaan daar net een kopie en dié is in die Suid-Afrikaanse Munt se museumafdeling. Ek het vroeër aan mnr. Roux, Direkteur van die Munt, geskrywe om te vra of hulle nie hierdie muntstukkie wil verkoop nie, maar hulle wou nie afstand daarvan doen nie.

Dit is eienaardig dat daar van sommige muntstukke net een eksemplaar bestaan. Vir my altans is dit onverstaanbaar waarom die moeite gedoen is om van sommige van die Gladde muntstukke net een eksemplaar te munt.

Dit gebeur feitlik nooit dat een van hierdie skaars muntstukke te koop aangebied word nie en hoewel elke versamelaar daarna streef om sy versameling so volledig moontlik te maak, is dit 'n onmoontlike taak om 'n volledige reeks van die Z.A.R. byeen te bring.

## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Partystelsel Hinder Oplossing . . .

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**„Die optrede van die Verenigde Party in verband met die toekenning van Indiër-verteenwoordiging in die Volksraad en in die Provinsiale Raad van Natal, wat deurgeforseer was met 'n blote partypolitieke meerderheid en nou weer vernietig is deur 'n ander partypolitieke meerderheid, moet vir ons die bewys lewer hoe ongewens en gevaarlik dit is om oor fundamentele kleurvraagstukke te beslis sonder inagneming van die bestaan, al dan nie, van 'n duidelike volkswil."**

### WISPELTURIGHEID

Met verwysing na die Naturellewetgewing van 1936 wat hy bestempel het „as die wil van die blanke en nie van 'n partypolitieke meerheid nie," het mnr. Havenga voorts op Brakpan gesê dat toekomstige kleurwetgewing nie aangeneem mag word nie **„onder 'n samestelling van die Parlement wat nie 'n groot genoeg meerderheid insluit wat beskou mag word as 'n duidelike en ondubbelsinnige uiting van die volkswil op daardie punt, en dus die moontlikheid nie uitsluit om weer vernietig te word deur 'n ander toevallige parlementêre meerderheid nie."**

Tog het die praktyk ook vir mnr. Havenga geleer — soos die ooreenkoms wat hy met dr. Malan aangegaan het bewys — dat 'n politieke party nie steun vir sy wetgewing kan kry wat verder strek as sy eie grense nie. **En dit is juis die swakheid van die partystelsel.**

### BLANKES TEEN MEKAAR

**In die maande en jare wat voorlê gaan een blanke party teen 'n ander blanke party baklei oor die Kleurlinge en een blanke party gaan die Kleurlinge opsweep teen 'n ander blanke party. En wanneer die opposisieparty van vandag oor 'n jaar of tien Regeringsparty word, gaan hy besmoontlik die Kleurlingwetgewing van aanstaande jaar herroep en iets in die plek daarvan stel wat onaanneemliker is as die situasie wat vandag heers.**

### HERTZOG WAARSKU

Dit is daarom dat wyle genl. Hertzog reeds in 1942 verklaar het:

**„Die demokratiese parlementêre party is reeds lankal, as deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart, uitgedien en is die toevlugsoord geword vir lis en eiebelangberamende politici en aspirant-politici."**

Die blankes in Suid-Afrika kan nie bekostig om verdeeld te staan teenoor die nie-blankes nie. Indien blankes hul ondergang gewis wil bewerkstellig dan moet een deel van die blankes gemene saak maak met die nie-blankes teen 'n ander deel van die blankes. **As die partystelsel hiervoor bevorderlik is en blanke eenheid onmoontlik maak dan mag die blanke eenheid nie opgeoffer en die partystelsel behou word nie. Beslis nie. Dan moet die partystelsel opgeoffer word. Dit is die standpunt van die Ossewabrandwag.**

Daarom bepaal die eerste beleidspunt die ideaal van die O.B. as verenigende volkspolitiek in plaas van verdelende partypolitiek.

### TWIS BELET OPLOSSING

Trouens die O.B. is oortuig daarvan dat solank as wat die kleurvraagstuk die oorsaak van verwyt en twis bly tussen die politieke partye sal dit nie opgelos word nie en sal die gespanne verhoudings tussen blank en nie-blank en tussen die buiteland en Suid-Afrika nie verslap nie.

**Daar het ongetwyfeld 'n tydperk in die geskiedenis aangebreek wanneer opnuut vasgelê moet word wat die toekomstige verhoudings tussen blank en nie-blank moet wees en na watter bestemming die blanke en die nie-blanke onderskeidelik moet ontwikkel.** Hierdie aangeleenthede moet bepaal word met inagneming enersyds van die ontwikkeling wat die nie-blankes ongetwyfeld in die afgelope dekade deurgemaak het en andersyds van die onvervreembare reg van die blankes om die baasskap oor hul vaderland te behou.

### ONDERDEEL VAN HERVORMINGSPROSES

**Maar hierdie nuwe wit-swart patroon wat in die toekoms op natuurlike wyse in Suid-Afrika moet ontplooi kan nie uitgewerk word binnekant die raamwerk van die huidige partystelsel nie. Die grondslae waarop ons staat en samelewings rus, moet hervorm word en die oplossing van die kleurvraagstuk moet geskied in samehang met die hele hervormingsproses.**

Die bedenkinge teen die Malan-Havenga ooreenkoms is derhalwe 'n aansporing vir die Ossewabrandwag om voort te gaan op sy ingeslane weg.

---

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**dien ons nie dubbel-versigtig optree met ons kleurprobleme nie, wetende: dat die enigste wêreldraad (die V.V.O.) met sy demokratiese vorm beheers word deur 'n meerderheid nie-blanke verteenwoordigers; dat die twee grootste moondhede van die wêreld teen ons Suid-Afrikaanse kleurbeleid is; dat die opkomende Voor-Asië wat kleur betref 'n gemengde blok vorm onder Joodse leiding en dat Indië die enigste Asiatiese teenvoeter van belang teen Rusland is en tegelyk vandag om beide politieke en ekonomiese redes die populêrste land in die hele wêreld buite ons grense is?**

● **Is die ou leersak van die Westerse demokrasie nog daartoe in staat om die nuwe bruisende wyn van die Twintigste eeu te hou, terwyl Stalin die enigste ander groot krag is wat 'n splinternuwe leersak vir die ontevrede mensdom aanbied?**

### KAPITALISTIESE INSTORTING

● Is dit alles pluis met lewenskoste, prysbeheer, arbeidskragte, werkerslone ens. of staan die ineenstorting van die kapitalisme vandag nie met inflasie, komende depressies en met gevolglike Kommunisme reeds voor die deur nie?


Dit baat nie om ons kop soos 'n volstruis in die sand te steek nie of om soos 'n esel deur 'n groenbril die klippe vir groen gras aan te sien nie. **Juis nou moet ons nugter staan en selfkritiek beoefen. Daar is plek vir 'n volksorganisasie wat niks te wen dog veel te verloor het in hierdie soort politieke stelsel waarin ons leef in Suid-Afrika; daar is plek vir 'n liggaam wat steeds die volk eerste en homself altyd tweede kan stel sonder vrees vir komende eleksies; daar is plek vir die Ossewabrandwag as beweging wat koers moet hou sonder ophou, terwyl die wiel bly draai wat partye laat kom, laat verander en laat verdwyn.**

Kom na die laertrek en laat ons saam beraadslaag oor die verdere deel van die reis wat nog afgelê moet word; laat ons saamspan in die volle oortuiging dat ons saam verantwoordelikheid wil aanvaar vir die deel van die taak wat nog wag om volvoer te word.

---

## Uniale Laertrek

**Die vooruitsig op die derde Uniale laertrek op 7 en 8 November wek weer herinneringe op van die vorige laertrek wat in Februarie 1946 in Bloemfontein gehou is. Die foto laat 'n blik werp op die afgevaardigdes in die groot stadsaal.**



# FINALE REËLINGS VIR LAERTREK

**Prof. Dirk van Rooy, waarnemende kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, het die finale reëlings in verband met die Uniale laertrek in Bloemfontein aangekondig.**

● Dinsdagoggend, 7 November, vergader die Breë Grootraad, wat bestaan uit die lede van al die Gebiedsrade, in die Clarendonsaal.

● Dinsdagaand sal die laertrek geopen word met 'n openbare vergadering in die Stadsaal. Dr. J. F. J. van Rensburg en ander leiers van die O.B. sal optree.

● Woensdagmôre, 8 November, vergader die laergangers in die Stadsaal. Verwag word dat die werksaamhede van die laertrek Woensdagaand afgehandel sal wees.

Die werksaamhede van die laertrek sal afgehandel word aan die hand van drie besprekingspunte:

● Die koers van die beweging.

● Die plek van die O.B. in die land se politieke patroon. Dit sluit in die bepaling van die O.B. se houding teenoor politieke partye en toekomstige optrede by verkiesings.

● Die organisasie van die beweging. Dit sluit in die verkiesing van die kommandant-generaal en ander ampsbekleders van die beweging sowel as van die lede van die uitvoerende raad van die beweging.

● Mnr. Oswald Pirow, leier van die Nuwe Orde, sal die groete van sy organisasie oorbring en voorts die laertrek toespreek oor buitelandse aangeleenthede.

---

## Eregraad Aan Mev. Rothmann

'n Eregraad, doktor in die wysbegeerte, is deur die Universiteit Stellenbosch aan mev. M. Rothmann van Swellendam (M.E.R.) toegeken as blyk van waardering vir die groot dienste wat sy verrig het met die ontwikkeling van die praktiese maatskaplike werk in Suid-Afrika. M.E.R. word as een van die vooraanstaande Afrikaanse skrywers beskou en haar negentiende boek het onlangs verskyn.

## Bethal se Funksie

Die O.B.-kommando van Bethal onder leiding van die Kommandant, mnr. F. A. van der Merwe, het op 16 September 'n funksie ten behoewe van die O.B.-fondse gehou op die plaas Witbank van mnr. L. W. van der Merwe. Ondanks slegte weersomstandighede het 'n dertigtal lede opgedaag en die bedrag van £5 is aan die hoofkwartier gestuur.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD




Kommando



*is die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret*

G1-3050-AH